

Matteus 24 en 25



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Matteus 24:1-25, Openbaring 13:11-17, Matteus 7:24-27, Lukas 21:20, 2 Konings 23:13, Matteus 25:1-30.

Geheetekes:

“Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei” (*Matteus 24:24, NAB*).

In Matteus 24 en 25, bring Jesus belangrike waarhede te voorskyn. Dit handel oor die eindtyd en hoe ons daarvoor gereed kan wees. In ’n sekere sin vorm hierdie hoofstukke Christus se eindtyd leer. Tog het Jesus ook ’n ander toekomsgebeurtenis in gedagte gehad – een wat in daardie tyd as die onmiddellike toekoms beskryf kon word – te wete die naderende vernietiging van Jerusalem, ’n tragedie met katastrofiese gevolge vir sy kinders. Hier praat Jesus egter nie net met sy dissipels nie, maar ook met elke daaropvolgende geslag gelowiges, en veral met die laaste een, die een wat ten tye van sy wederkoms nog lewendig sal wees. Die toekoms wat Hy vir ons uitlê, is egter alles behalwe rooskleurig. Dit is oorloë en gerugte van oorloë, peste en plaë, en vals Christusse en vervolgings. Dit is dan die lot van die wêreld, en ook van God se kerk. In retrospeksie is dit ongelooflik hoe akkuraat Jesus se voorspellings in werklikheid was. Derhalwe kan ons Hom ook vertrou wanneer dit by die voorspellings kom wat dalk eers in ons nageslagte se leeftyd vervul sal word. Hier waarsku Jesus nie net teen die komende krisis wat Jood en Christen destyds oorval het nie. In Matteus 25 vertel Hy ook gelykenisse wat sy kinders op die koms van die “Seun van die mens” sal voorberei – as hulle natuurlik erns maak met die lesse wat daarin vervat is. Tye van groot swaarkry, dié is gewis op pad. Tog sal die Heiland sy kinders op die dag van sy wederkoms voorberei.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 19 Mei.*

Profesie op 'n kragtige wyse bevestig

In die laaste paar dae voor Jesus se kruisiging praat die dissipels met Jesus op die Olyfberg. Toe die Meester noem dat die tempel vernietig gaan word, was hulle seker diep geskok. Kan jy jou dit indink? Wat egter op daardie presiese oomblik deur hul gedagtes gegaan het, weet g'n mens nie. Die dissipels se daaropvolgende vrae toon egter hul eie gevolgtrekkings, naamlik dat die vernietiging van die tempel met “die voleinding van die wêreld” sou saamval (*Matt. 24:3, OAB*).

Lees Matteus 24:1-25. Wat is die kern van Jesus se boodskap aan sy volgelinge i.v.m. die eindtyd?

Uit Matteus 24:1-25 blyk Jesus se bekommernis duidelik, onder andere dat dwaalleringe in die komende eeue, en tot in die pylvak van die wêreldgeskiedenis, verwarring onder sy kinders sou saai. Daaronder resorteer vals profete en Christusse. Party sal voorgee dat hulle namens Christus praat. Hulle is die vals profete. Ander sal volhou dat hulle Christus Self is, die vals Christusse. Die hartseer ding is dat mense hul boonop sal glo. Die geskiedenis getuig dan ook dat die Skrif 100% korrek was. In elke tydvak, en ook nou nog, het ons met sulke swendelaars te kampe, mense wat sê: “Ek is die Messias.” Hier het ons gewis 'n merkwaardige profesie! In die tyd waarin ons leef, is ons daadwerklik bevoorreg: Om terug te kyk op eeue se geskiedenis en te sien (en boonop op maniere wat die mense van Jesus se tyd nie kon doen nie) hoe akkuraat daardie voorspelling in werklikheid was. Ons behoort ook nie verbaas te wees as sulke messiasfigure en vals profete in aanloop tot die finale knakpunt merkbaar toeneem nie. Laat ons ook, ter bevestiging van ons geloof, let op Jesus se woorde oor die toestand waarin die eindtydwêreld uiteindelik sou verkeer. In verskeie tydvakke sedert Christus sien 'n mens hoedat die mensdom poog om die probleme van lyding en ongelykheid met allerhande stelsels en uitvindings te probeer oplos (of dit ten minste aansienlik te verminder). Politiese bewegings, tegnologie, wetenskap of rasonele denke – in een of meer van dié dinge het die mensdom van tyd tot tyd sy vertroue gestel, met die idee dat dit goue eras van welvaart en geluk sou inlui. Die geskiedenis teken egter 'n droewige prentjie, naamlik dat daardie mensgerigte hoop keer op keer beskaam het. Vandag se wêreld is presies soos Jesus gesê het dit sou wees. Die woorde, wat Hy byna 2,000 jaar gelede geuiter het, toon hoe lelik die mensdom hom misgis het deur sy vertroue in al dié mensgemaakte pogings te stel.

Lees Matteus 24:25. Wat kan ons uit hierdie teksvers leer om ons standvastiger in die geloof te maak?

Om tot die einde te volhard

Lees Matteus 24:9 en Openbaring 13:11-17. In watter opsigte stem Jesus se woorde in Matteus ooreen met die geïnspireerde dinge wat Hy aan Johannes in Openbaring getoon het?

Christus is intens besorg oor sy eindtydkinders, veral a.g.v. ’n wêreldwye bedrogspul wat daartoe sal lei dat ganse nasies die ware geloof teëstaan en ’n vals aanbiddingstelsel op die aardebewoners afdwing. Diegene wat hulle by die waarheid hou, sal dan ’n tyd van benoudheid deurmaak. Hulle sal alom gehaat word en partymaal ook die doodsvonnis in die gesig moet staar.

Lees Matteus 24:13. Wat is die groot geheim tot verlossing en tot getrouheid, en dit te midde van wêreldwye teenkanting?

“Slegs diegene wat hul verstand met bybelwaarheid verskans het, sal in die laaste groot konflik staande bly” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 493, 494). Met ander woorde: Die enigste persone wat nie vir die groot eindtydbedrog sal val nie, is dié wat hul verstande met die Woord van God toegerus het. Diesulkes verdiep hulle in die teenswoordige waarheid, die waarheid soos dit in die gelowige se tydvak neerslag vind. Daarsonder sal die Christen hom/haar in dwaling begewe.

Lees Matteus 7:24-27. Watter ander element is van kardinale belang vir elkeen wat aan God getrou wil bly?

Hoewel dit belangrik is om ’n intellektuele kennis van God se Woord te hê, maan Jesus dat dit nie opsigself voldoende voorbereiding vir die beproewinge is wat op ons wag nie. Ons moet ook die kennis wat ons verkry het, uitleef. Met ander woorde: Ons moet aan Christus en sy leer gehoorsaam wees. In die bogaande gelykenis het albei bouers die onderwysing van Jesus gehoor, tog het die een gefaal. Die geheim tot sukses hier is gehoorsaamheid aan Jesus en die waarheid wat in Hom te vinde is.

Hoekom bly die een wat gehoorsaam is se huis regop, terwyl die ongehoorsame s’n in duie stort? Watter verskil maak gehoorsaamheid ten einde die gelowige standvastig te hou?

Die “gruwel van die verwoesting”

In sy groot leer oor die eindtyd wys Christus die gelowige op die “die gruwel van die verwoesting” (*Matt. 24:15, OAB*) – ’n beeld wat uit die boek Daniël kom (*Dan. 9:27, 11:31, 12:11*). Vir die Here is iets ’n “gruwel” as dit op ’n ernstige verbrekking van sy wet, soos afgodery (*Deut. 27:15*) of seksuele losbandigheid (*Lev. 18:22*) neerkom. Derhalwe dui “die gruwel van die verwoesting” hier op een of ander vorm van geestelike afvalligheid.

Lees *Matteus 24:15* en *Lukas 21:20*. Hoe help hierdie teksverse ’n mens om sin te maak van Jesus se uitdrukking, “die gruwel van die verwoesting”?

Hierdie twee teksverse maak dit duidelik dat Jesus se “gruwel van die verwoesting”-voorspelling, in ’n meer onmiddellike sin, op die vernietiging van Jerusalem dui. Tydens daardie gebeurtenis, in 70 n.C., het heidense Rome nie net die stad nie, maar ook die tempelgebou, in puin gelê. Daar is egter ook ’n tweede vervulling van dié profesie, waar destyds se komende vernietiging – soos blyk uit die verwoesting van Jerusalem – as voortekens van toekomstige, eindtydgebeure aangebied word. “Vir Christus is Jerusalem die simbool van ’n wêreld wat uit ongelof en rebellie teen God gedraai het, ’n wêreld wat hom na God se oordele en straf haas” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 22, 23). In Daniël 12:11 en hoofstuk 11:31 word “die gruwel van die verwoesting” in verband met die tweede fase van Rome – die pouslike era – gebruik, ’n fase waarin ’n alternatiewe vorm van bemiddeling en verlossing op die been gebring word. Daardie stelsel poog om die dinge wat Christus vir ons vermag het en besig is om te vermag – sy soendood en sy teenswoordige bemiddeling in die hemelse heiligdom – wederregtelik vervang.

Daniël 8, en veral verse 9 tot 12, help om daardie gebeure historiese konteks te gee, en dui op letterlike Rome wat deur geestelike Rome opgevolg word. Die eerste fase praat van die klein-horinkie-mag, wie se magsgebied met rasse skrede toeneem (*Dan. 8:9*), en dui op die horisontale uitbreiding van heidense Rome as ’n reusagtige wêreldryk. In die tweede fase (*Dan. 8:10-12*) merk ons ’n vertikale groei by die klein horinkie, waar hy party van die sterre op die aarde laat val (d.w.s. die kinders van die Here vervolg) en homself tot die “Vors van die leër” (*Dan. 8: 11*) – d.w.s. tot Messias – verhef. Hier het ons die pouslike fase, wat op die ineenstorting van die heidense Romeinse ryk gevolg het, hoewel dit steeds kennelik Rooms was (en is ook die rede hoekom ’n enkele simbool, naamlik die klein horinkie, beide fases van daardie mag versinnebeeld). Die oordeel in Daniël 7:9 en 10, die reiniging van die heiligdom in Daniël 8:14, en die tekens aan die hemelruim in Matteus 24:29 – al hierdie dinge wys vir ons één ding: God wat ter wille van sy eindtydkinders ingryp.

Die tien maagde

In Matteus 24 draai die gesprek om die tekens van die wederkoms, terwyl Jesus in Matteus 25 sê hoe om 'n mens daarvoor gereed kan wees.

Lees Matteus 25:1-13, die gelykenis oor die tien maagde. Wat probeer Jesus hier tuisbring en hoe kan dit ons help om vir sy wederkoms gereed te wees?

Jesus begin sy gesprek met 'n gelykenis oor tien maagde. Die feit dat hulle “maagde” genoem word, is 'n sinspeling op elkeen wat hom-/haarself 'n belydende Christen noem, m.a.w. nie mense wat hulself in die groot stryd aan Satan se kant geskaar het nie. Die maagde is 'n voorstelling van die koninkryk van die hemele (*Matt. 25:1*). Wanneer die eindtyd aanbreek, is almal egter vas aan die slaap (*Matt. 25:5*), dit ten spyte van Christus se vermaning dat hulle moet waak (*Matt. 24:42*) – m.a.w. dat hulle moet wakker bly om gereed te wees vir sy koms. Al tien maagde het lampe gehad en almal het gegaan om die bruidegom te ontmoet. Dit wil sê: Almal van hulle het na die wederkoms uitgesien. Daar was egter 'n oponthoud, en al tien maagde wat na sy koms uitgesien het, het van uitputting aan die slaap geraak. Skielik, in die middel van die nag, word hulle wakker vanweë 'n luide geroep: Die bruidegom kom (*Matt. 25:1-6*)! Dit het die dwase maagde onverhoeds betrap. Hulle was totaal onvoorbereid en moes skielik rondval om olie in die hande te kry. Die rede? “Want ons lampe gaan uit” (*Matt. 25:8, OAB*) oftewel: “Ons lampe gaan dood” (*in die NAB*). Daar was dus 'n vlammetjie, maar dit was baie effentjies. Die bietjie olie in hul lampe was nie genoeg om mee gereed te maak nie! Wat het in dié gelykenis skeefgeloop?

Die dwase maagde is Christene wat uitsien na die wederkoms. Tog het hulle nie 'n hegte band met Christus nie. Hulle het weliswaar 'n bietjie olie, en doen hier en daar 'n geesgevulde dingetjie of twee, maar hul vlammetjies brand net effentjies. Met net 'n klein bietjie Gees het hulle hulle tevrede gemaak. “Die Gees fluister in die binnenste van elke mens. So skep Hy, met die toestemming van die individu en in ooreenstemming met sy of haar begeerte, 'n nuwe ingesteldheid in daardie persoon. Die tipe gelowige wat deur die dwase maagde versinnebeeld word, is egter doodtevrede met 'n bolangse verandering. Hulle ken nie die Here nie. Hulle het steeds geen insae in die karakter van God nie. Met Hom het hulle nog geen noue omgang gehad nie, en daarom weet hulle nie om op Hom te vertrou, hoe om die oë op Hom gerig te hou en oor te loop van Christus nie. Hul aanbidding het in vormgodsdienste ontaard” (Ellen G. White, *Christ's Object Lessons*, bl. 411).

Doen 'n bietjie introspeksie. Hoe kan jy verseker dat jy nie soos 'n dwase maagd optree nie? Gestel jy het wel tot dusver soos een geleef. Hoe kan jy dan 'n ommeswaai in jou lewe teweegbring?

Hoe om jou talente te gebruik

Lees *Matteus 25:13-30*. Hoe kan 'n mens jou talente inspan ter voorbereiding op die wederkoms?

Hoewel Jesus hier 'n gelykenis vertel wat baie anders as die voorafgaande een is, gaan beide oor dieselfde tema – naamlik dat die gelowige gereed vir die wederkoms van Christus moet wees. In beide het ons diegene wat gereed is en diegene wat nie gereed is nie, en beide toon die lot van diegene wat deur die verwaarlosing van hul geestelike lewens die ewige verdoemenis tegemoetgaan. Net soos wat die olie in die tien maagde se lampe op die Heilige Gees dui, so dui die Nuwe Vertaling se “muntstukke” in *Matteus 25:15* (oftewel die gewigsmat talanta in die oorspronklike Grieks) op die unieke talente wat God aan elkeen van ons skenk. “Die [Ou Vertaling se] talente verteenwoordig die gawes van die Gees, tesame met alle aangebore vermoëns” (die *SDA Bible Commentary*, vol. 5, bl. 510).

Al die diensknegte in dié gelykenis het iets by hul meester ontvang. Let veral ook op die feit dat daardie talente (of “muntstukke”) die meester se eiendom was (*Matt. 25:14*), wat hy aan hulle toevertrou het, “aan elkeen na sy vermoë” (*Matt. 25:15, OAB*). Die meester stel dus sy vertrou in die dienskneg, m.a.w. die dienskneg is in werklikheid 'n rentmeester, van 'n ander se eiendom waaroor hy/sy nietemin verantwoordelikheid aanvaar het. Dit is dan ook die rede vir die meester se terugkeer, hoekom hy “teruggekom en van hulle rekenskap vra” (*Matt. 25:19, NAB*).

Gawes van die Gees – die naam sê vir 'n mens van Wie af dit kom (*lees 1 Kor. 12:1-11, 28-31; Ef. 4:11*). Dit is somer baie goeie nuus vir elkeen wat dink dat sy/haar gawe minderwaardig is. Gawes impliseer 'n Gewer. Insgelyks ontvang die metaforiese dienskneg die grootste gawe wat enigeen kan ontvang – naamlik die gawe van die Heilige Gees. Die gawes van die Gees is reeds ons s'n, danksy Christus. Tog is ons inbesitneming daarvan slegs moontlik as ons die Heilige Gees innooi, en 'n totale oorgawe aan Hom maak. Hier is waar die talentbegrawer sy groot fout maak. Hy het 'n gawe ontvang, tog het hy niks daarmee gedoen nie, nie iets daarvan gemaak nie. Hy het geensins moeite gedoen om die welwillendheid wat hom bewys is in iets groters te omskep nie – met die gevolg dat Jesus hom “'n slegte en 'n lui slaaf” noem (*Matt. 25:26, NAB*) – 'n skerp veroordeling.

Hierdie gelykenis vertel Jesus met die oog op die eindtyd en sy wederkoms. Wat leer dit vir ons oor hoe belangrik die inspan van ons talente is as ons vir die komende krisis gereed wil wees?

Vir verdere studie:

: “Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek...” “Dit was die een met die kleinste talent wat nie daarmee gewoeker het nie. Hier is ’n waarskuwing vir elkeen wat meen dat sy [of haar] gawe te klein vir diens aan die Meester is. [Diegene wat so dink, meen]: As ek iets groots kon doen, dan sou ek al ingespring het, maar nou dat ek net die Here in klein goedjies kan dien, hoef ek niks te doen nie. Dit is ’n verkeerde manier van dink. Die aard en hoeveelheid gawes wat God aan elkeen toegeken het, is immers ’n karaktertoets. Die dienskneg wat sy talent verwaarloos het, het daarmee sy ontrou te kenne gegee. Selfs al het hy vyf talente ontvang, sou hy dit steeds begrawe het. Die feit dat hy sy enkele talent wangebruik het, toon sy minagting vir die gawes van God. “Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou” (*Luk. 16:10*). Mense onderskat dikwels hoe belangrik die klein goedjies is – omdat hulle tog ‘klein’ is. Tog is dit juis dié ou ‘goedjies’ wat dikwels dissipline in die geloofslewe help aankweek. Vir die Christen is alles dus van waarde. Ons karakterveredeling word deurgaans in gevaar gestel deur ons onderskatting van die klein goedjies” (Ellen G. White, *Christ’s Object Lessons*, bl. 356).

Vrae vir bespreking:

1. Kan jy dink aan ’n paar van die ideologieë en ideale wat mense vas geglo het geluk op aarde sou bring? Noem hulle op. Hoekom het hulle almal, deur die bank, gefaal?
2. Hoe is dit dat gehoorsaamheid aan God se instruksies ons geloof versterk? Of anders gestel: Hoekom is geloof sonder die werke wat daaraan uiting gee, “dood” (*Jak. 2:26, NAB*)? Dink nou aan die tipe beproewinge wat op Openbaring 14:12 se gebodsbewaarders wag. Dit laat ’n mens wonder: Hoekom is dit so belangrik dat ons nou al gereed moet maak vir iets wat almal onverhoeds gaan betrap?
3. Kom ons dink gou weer aan die tien maagde. Hoekom behoort dié gelykenis ’n waarskuwing vir ons te wees, veral aangesien daardie jongmeisies almal voorbeeldig gelyk en opgetree het? Hoe kan ons seker maak dat ons nie in ’n soort waan leef nie, deur te glo dat ons wys is terwyl ons in werklikheid dwaas optree nie?
4. Die Bybel praat van Satan wat almal gaan mislei, en as dit moontlik was, selfs “die uitverkorenes” (*Matt. 24:24*). Wie en wat is dié “uitverkorenes?” (*Lees Matt. 24:31, Rom. 8:33, Col. 3:12.*) Wat sê dit vir ons oor die omvang en skaal van Satan se bedrog?